www.xtrapapers.com

Cambridge IGCSE

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2016**

MARK SCHEME

Maximum Mark: 50

**Published**

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge is publishing the mark schemes for the October/November 2016 series for most Cambridge IGCSE®, Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.

® IGCSE is the registered trademark of Cambridge International Examinations.



© UCLES 2016

CAMBRIDGE International Examinations

www.xtrapapers.com



**Vraag 1**

- 20 punte is beskikbaar vir Lees.
- 5 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die onderstaande tabel).

**1 (a)** Houtkappers, drukkers en koerantjoernaliste se werk is onderling afhanklik van mekaar, ✓ want houtkappers verskaf indirek die papier waarop koerante gedruk word ✓ en drukkers druk die woorde wat joernaliste skryf. ✓ **[3]**

**(b)** Sy toon dat die moderne tablet op ’n ou uitvinding gebaseer is. ✓
Sy toon dat joernalisme reeds lank bestaan. ✓
Sy toon dat joernaliste se oorlewing nie aan koerante gekoppel is nie./Sy toon dat mens innoverend moet dink✓ **[3]**

**(c) (i)** ’n oorweldigende hoeveelheid (vloedgolf) inligting ✓

**(ii)** in gevaar/geteiken ✓

**(iii)** uitgestorwe spesie *of* spesie in gevaar van uitsterwing ✓

**(iv)** wat dit nie ten doel het om wins/geld te maak nie ✓ **[4]**

**(d)** Daar moenie van koerante verwag word om wins te maak nie, ✓ want hulle primêre doel is om nuus te verskaf ✓*of* tot daar ’n nuwe sakemodel vir koerante is. ✓ **[2]**

**(e)** Bekker se spesifieke verwysing na Darwin ✓ en dat hy met sy teorie bedoel het die soepelste by verandering kan aanpas en oorleef, ✓ bevestig die skrywer se argument dat die joernalistiek sal moet aanpas om in die digitale wêreld te oorleef, ✓ en nie ’n “mediasourus” te word wat uitsterf nie. ✓
*Ander sinvolle voorbeelde uit die teks sal ook punte verdien.* **[4]**

**(f)** Enige vier van die volgende:
Joernaliste is die bron van onafhanklike, geverifieerde inligting vir die publiek. ✓
Joernaliste verskaf 24 uur per dag inligting. ✓
Joernaliste bevredig die mens se behoefte om te weet wat in die wêreld aangaan. ✓
Joernaliste met hul woord- en tegnologievaardighede verskaf gehalte-inligting aan die publiek. ✓
Die samelewing benodig joernaliste, wat hulle beywer om die wêreld ’n beter plek te maak. ✓
**[4]**

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| 5<br>(Uitstekend) | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas.<br>Gevarieerde, presiese woordeskat.<br>Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| 4<br>(Goed) | Duidelike, gepaste taal.<br>Gepaste woordeskat.<br>Min tegniese foute. |
| 3<br>(Voldoende) | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis.<br>Voldoende woordeskat.<br>Sommige tegniese foute. |
| 2<br>(Swak) | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie.<br>Eenvoudige sintaksis met 'n mate van lomp taalgebruik.<br>Beperkte woordeskat.<br>Verskeie tegniese foute. |
| 1<br>(Baie swak) | Beperkte, onvanpaste taalgebruik.<br>Verward en obskuur.<br>Talle foute. |

**[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]**

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Vraag 2**

- 15 punte is beskikbaar vir Lees. Elke relevante punt kry ʼn regmerkie. ʼn Punt word vir elke regmerkie toegeken tot ʼn maksimum van 15 punte (sien die moontlike antwoorde hieronder).
- 10 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die onderstaande tabelle).

**Skryf: Styl en Organisering**

| | |
|---|---|
| 5 (Uitstekend) | Uitstekende uitdrukking en fokus met uitstekende gebruik van eie woorde. Goeie opsommingstyl met ordelike groepering van idees; uitstekende skakeling. Antwoord is doelgerig. |
| 4 (Goed) | Goeie uitdrukking in herkenbare opsommingstyl. Poging om te fokus en idees te groepeer; goeie skakeling. |
| 3 (Voldoende) | Bevredigende uitdrukking in eie woorde. Redelik presies, met ʼn mate van ordening. Sporadiese gebrek aan fokus. |
| 2 (Swak) | Beperkte uitdrukking, maar meestal in eie woorde. ʼn Mate van orde, maar min gevoel vir skakeling. Geneigdheid om fokus te verloor (bv. deur ʼn anekdote in te sluit): ontwikkeling dikwels moeilik om te volg. |
| 1 (Baie swak) | Uitdrukking bloot voldoende; moontlik soos ʼn lys. Heelwat oorskrywery uit die tekste; herhalend. Dikwels irrelevant. |

**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| 5 (Uitstekend) | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas. Gevarieerde, presiese woordeskat. Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| 4 (Goed) | Duidelike, gepaste taal. Gepaste woordeskat. Min tegniese foute. |
| 3 (Voldoende) | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis. Voldoende woordeskat. Sommige tegniese foute. |
| 2 (Swak) | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie. Eenvoudige sintaksis met ʼn mate van lomp taalgebruik. Beperkte woordeskat. Verskeie tegniese foute. |
| 1 (Baie swak) | Beperkte, onvanpaste taalgebruik. Verward en obskuur. Talle foute. |

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Moontlike antwoorde**

- Let op dat die volgende ’n lys *moontlike* antwoorde is.
- Let ook op dat dit in notavorm is, maar dat daar van kandidate verwag word om hulle antwoorde in aaneenlopende prosa aan te bied.
- Alternatiewe antwoorde wat relevant tot die taak is, sal ook ’n punt ontvang.
- Antwoorde moenie langer as **250 woorde** wees nie.

**Ooreenkomste en verskille**

***Noem tot 11 punte in verband met ooreenkomste en verskille in inhoud – 1 punt per verskil/ooreenkoms.***

**Albei tekste:**
- verwys na CareerCast.com se opname oor bedreigde beroepe
- verwys na joernalistiek as een van mees bedreigde beroepe
- haal mediamense se woorde aan
- verwys na geld
- verwys na joernaliste se rol in die samelewing

**Teks 1:**
- geskryf deur ’n professor in joernalistiek
- noem al vyf die mees bedreigde beroepe
- noem die verband tussen bedreigde beroepe
- bekyk koerante se rol in die tegnologie-revolusie
- bekyk joernaliste se rol in die samelewing
- gee redes vir koerante se bedreigde aard
- plaas koerante/nuus in historiese konteks
- haal Koos Bekker aan
- bespreek evolusie van koerante
- bespreek hoe noodsaaklik dit is dat joernaliste aanpas
- bespreek koerante se finansiële posisie
- vergelyk koerante en joernaliste se situasie
- eindig met skrywer se eie droom dat joernaliste die wêreld ’n beter plek maak

**Teks 2:**
- geskryf deur leerder
- verwys na die swakste en beste beroepe
- deurgaans in die eerste persoon
- haal Ton Vosloo se woorde oor rol van joernalis in samelewing aan
- beskryf ’n joernalis se daaglikse roetine
- verwys na die swak salaris van joernaliste
- betrek ook fotograwe
- fokus op die opwinding en gevarieerdheid van ’n joernalis se werk

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Styl en doel (*gee maksimum vier punte*)**

***Gee 2 punte per verskil***

**Byvoorbeeld:**

- Teks 1 is meer akademies; Teks 2 is meer persoonlik en bevat dialoog.
- Teks 1 plaas joernalistiek in ’n geskiedkundige en sosiale konteks; Teks 2 is op skrywer se persoonlike waarnemings gebaseer.

***Gee 1 punt per ooreenkoms***

**Byvoorbeeld:**

- Albei tekste kom uit koerante.
- Albei tekste wil die leser inlig.
- Albei tekste dra ’n houding teenoor die joernalistiek oor.
- Albei tekste wil ’n indruk op die leser maak.

**[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]**

© UCLES 2016